the bitou foundation 10

"supporting schooling for excellence"

NAAM: _____

GRAAD: _____

KWARTAAL: _____

the bitou foundation 10

"supporting schooling for excellence"

ONDERWYSER: _____

SKOOL: _____

A 1. ‘n Vinnige vasvrae oor plekwaardes

Plekwaardes													
Triljoene			Biljoene			Miljoene			Duisende			Ene		
Honderd triljoene	Tien triljoene	Triljoene	Honderd biljoene	Tien biljoene	Biljoene	Honderd miljoene	Tien miljoene	Miljoene	Honderdduisende	Tienduisende	Duisende	Honderde	Tiene	Ene
								5	2	7	8	1	9	4

In elk van die volgende vrae omkring die korrekte antwoord.

1. Wat is die waarde van 4 in die getal 54 062?

   a. 4 000
   b. 400
   c. 40 000

2. Hoe kan mens ook die getal 13 sê?

   a. 30
   b. 13
   c. 1 tien en 3 ene

the bitou foundation 10
“supporting schooling for excellence”

3. Hoe sal jy die getal 34 023 sê in woorde?

   a. Vier en dertig duisend drie en twintig
   b. Drie duisend vierhonderd drie en twintig
   c. Vier en dertig duisend ‘n honderd drie en twintig

4. Kyk na die koste van hierdie drie motors:

Motor A: R18 500 Motor B: R1 890 Motor C: R15 600

Rangskik die motors ten op sigte van hul prys van duurste tot goedkoopste.

   a. Motor A, Motor B,Motor C
   b. Motor A, Motor C, Motor B
   c. Motor B, Motor A, Motor C

5. Wat is die waarde van 37 × 100?

a. 370

b. 3 700

c. 37 000

2. Skryf die getalle in woorde:

a. 132 .....

b. 709 .....

c. 560 .....

d. 1 542 .....

e. 4 671 .....

3. Skryf die woorde as getalle en rangskik hulle in stygende volgorde:

a. Drie honderd ses en negentig .....

b. Ses duisend vyf honderd en vier.....

c. Vyf honderd vier en sestig duisend drie honderd twee en tagtig

.....

d. Sewentig duisend en vier.....

e. Gebruik die antwoorde van a tot d en rangskik die getalle in stygende volgorde:

.....

the bitou foundation 10
supporting schooling for excellence

4. Getallelyne

a. Bestudeer die getallelyn hier onder en vul die gegewe getalle in op die korrekte plekke:

2 200, 2 400, 2 800 en 3 200.



b. Skryf die getalle in die korrekte plekke op die getallelyn van klein na groot. Los oop die spasies waar daar nie getalle is nie. Die getalle is: 5 220; 5 290; 5 270; 5 210; 5 250; 5 280; 5 230; 5 300



5. Gee die getalwaarde van die onderstreepte syfer:

a. 4 7̲21 .....

b. 2̲4 519 .....

c. 5<u>6</u>8 .....

B 1. Skryf die getal neer:

a. (7 X 100) + (5 X10) + (4X 1) = ...

b. (3 X 1 000) + (0 X 100) +(8 X 10) + (7 x1) = ...

c. (5 X 100) + (0 X 10) + (3 X 1) = ...

d. 700 + 50 +2 000 + 8 = ...

e. 6 000 + 200 + 6 = ...

f. 70 + 300 + 6 + 1 000 = ...

g. 6 000 + 40 = ...

2. Is 63 nader aan 60 of 70? ..... Rond nou 63 af tot die naaste 10. .....

3. Rond die getalle af tot die naaste 100:

a. 749 ≈ ..... b. 751 ≈ ..... c. 750 ≈ ..... . d. 5 072 ≈ .....

4. Voltooi die tabel:

the bitou foundation 10
"supporting schooling for excellence"

GETAL	AFROND TOT NAASTE 10	AFROND TOT NAASTE 100
2476		
8751		
6913		

C 1. Skryf die getalle in stygende volgorde:

a. 4 765; 4 657; 4 576; 4 756 .....

b. 9 821; 9 218; 8 912; 9 128 .....

c. 5 836; 5 683; 5 386; 5 862 .....

2. Skryf die getalle in uitgebreide notasie:

a. 6 395 .....

b. 36 204 .....

3. Skryf die getalle neer soos aangedui by elke vraag:

a. Tel vorentoe in 50's van 1150 tot 1300.

.....

b. Tel vorentoe in 5'e van 2162 totdat jy 2177 bereik.

.....

c. Tel vorentoe in 25's van 1127 totdat jy 1202 bereik.

.....

d. Tel terug in 100de vanaf 3370 tot 2970.

4. Skryf neer:

a. Die plekwaarde van 7 in 782 631. .....

b. Al die faktore van 12. .....

c. Al die faktore van 20. .....

d. Skryf die GGD/F neer van 12 en 20. .....

e. Die eerste 5 veelvoude van 6.....

f. Lys die eerste 5 veelvoude van 8.....

g. Wat is die kgv van 6 en 8? .....

h. 68 784 afgerond tot die naaste honderd .....

i. Die 6 de veelvoud van 5. .....

j. Die eerste 4 veelvoude van 9.....

the bitou foundation 10
"supporting schooling for excellence"

5. Skryf die antwoorde neer. Wenk: tel eerste alles wat 10 maak bymekaar.

a. 9 + 2 + 1 + 8 + 6 + 4 = ...

b. 5 +6 +5 +3 +7 +4 +9 +1 = ...

c. 4 + 4 + 5 + 5 + 6 + 6 + 7 + 7 + 3 + 3 = ...

d. 12 + 8 + 13 + 4 + 7 + 16 = ...

e. 15 + 9 + 5 + 11 + 7 + 2 + 18 = ...

D 1. In die spasies doen die bewerkings van die uitgebreide vertikale kolom metode vir optel en aftrek.

a. 37 + 42 = □

b. 75 +18 = □

c. 72 + 46 = □

d. 3 452 + 1 486 = □

e. 746 – 185 = □

the bitou foundation 10
"supporting schooling for excellence"

f. 521 – 342 = □

2. Onderstreep die getalle wat deelbaar is deur 5:

79 325; 3 551; 15 752; 99 400; 60 008

3. Bepaal die volgende deur volgorde van bewerkings te gebruik.

a. 5 x 2 +3 = ...

b. 5 + 2 x 3 = ...

c. 8 + 6 ÷ 3 = ...

d. 16 + 8 ÷ 2 + 1 = ...

e. (16 + 8) ÷ 2 + 1 = ...

f. (18 – 6) ÷ (2 + 1) = ...

4. Gebruik die simbole (= of < of >):

a. 7 .....6 b. 5 X 5 ..... 25 c. 312 321

5. Gebruik wiskunde simbole vir die uitdrukkings:

bv. 9 is nie gelyk aan 5+2 nie word geskryf as: 9 ≠ 5 + 2 of 9 > 5 + 2

a. 7 is nie gelyk aan 6 nie..... ....

b. 8 is minder as die som van 5 en 6 .....

c. Die verskil tussen 10 en 6 is gelyk aan die produk van 2 en 2 .....

the bitou foundation 10
"supporting schooling for excellence"

E 1. Bepaal:

a. Die produk van 3 en 4.....

b. Die som van 8 en 3 .....

c. Die verskil tussen 9 en 2 .....

d. Die kwosiënt van 6 en 3 .....

e. Die verskil tussen 6 en 1 .....

f. Die kwosiënt van 45 en 9.....

g. 4 kwadreer .....

h. Die som van 36 en 48.....

i. Die som van 4 en 0 .....

j. Die produk van 0 en7.....

k. Die kwosiënt van 0 en3 .....

l. Die produk van 23 en 1 .....

m. Die kwosiënt van 61 en 1.....

n. Die produk van 2 en 15 vermeerder met .....

o. Die kwosiënt van 18 en 2 verminder met 4 .....

p. Waarmee moet 25 vermenigvuldig word om 150 te kry?.....

q. Watter getal is 8 minder as 2002?.....

r. Die grootste 4 syfer getal is?.....

s. Wat is die verskil tussen die grootste 4 syfer getal en die grootste 3 syfer getal?.....

t. Die getal wat 'n 100 minder is as 5 786 .....

u. Die getal wat 10 meer is as 1 896 .....

v. Die getal wat 10 minder is as 3 708 .....

w. Die getal wat 'n 100 meer is as 4 590 .....

x. Wat is 4 X 0? .....

y. Wat is 300 ÷ 100? .....

2. Rond die getalle af om 'n geskatte antwoord te kry:

bv. 271 + 28 ≈ 270 + 30 ≈ 300

a. 64 ÷ 24 ≈ .....

b. 198 + 19 ≈ .....

c. 152 – 33 ≈ .....

d. 67 + 83 ≈ .....

e. 242 – 29 ≈ .....

the bitou foundation 10
"supporting schooling for excellence"

3. Probleem oplossing

a. Themba het Saterdag by die Harkerville Mark 3 koffie bekers teen R22,50 elk, 'n T-hemp teen R120 en 4 tweedehandse boeke teen R10 elk gekoop. Hoeveel geld het hy oor as hy R400 van sy ma gekry het?

b. Vind twee getalle wanneer hulle vermenigvuldig word 24 gee. Maar as dieselfde twee getalle bymekaar getel word gee dit 11.

c. Skryf die **tweede grootste** moontlike getal deur die syfers 1, 3 en 7 te gebruik.

d. ‘n Familie reis 400km per motor. Na 317km, trek hulle af om koffie te drink. Hoeveel kilometer het hulle oor om hulle reis te voltooi?

the bitou foundation 10
“supporting schooling for excellence”

e. Tydens ‘n krieketwedstryd het Formosa primêr 500 lopies aangeteken. Hulle teenstaanders, Kranshoek het slegs 425 lopies aangeteken. Wat is die totale aantal lopies vir die dag aangeteken?

f. Gebruik dieselde drie getalle van die aftrek som hieronder en vorm nog ‘n aftrek en optel som met korrekte antwoorde.

1352 – 700 = 652

I. _____ – _____ = _____

II. _____ + _____ = _____

g. ‘n Houer het 102 appels. Die familie eet 45 appels. Hoeveel appels is oor?

h. ‘n Bakkery begin die oggend met 7000 broodrolletjies. Aan die einde van die dag is daar slegs 258 broodrolletjies oor. Hoeveel brood rolletjies het hulle die dag verkoop?

the bitou foundation 10
“supporting schooling for excellence”

i. Sam het 22 plakkers. Hy koop ‘n verdere 24 by die Crazy Store. Vir sy verjaarsdag kry hy 10 plakkers by ‘n vriend. Sam gee 9 van sy plakkers vir sy suster en versier ‘n verjaarsdag kaartjie vir ‘n vriendin met 10 plakkers. Hoeveel plakkers het hy oor?

j. Funeka verkoop lemonade by die mark vir 5 dae. Vir haar eerste dag maak sy R1. Elke dag daarna maak sy R1 meer as die vorige dag. (Dit help om 'n kolom te gebruik om die waardes elke dag aan te teken)

Dag	Bedrag gemaak
1	
2	
3	
4	
5	

Voltooi: Sy maak ..... gedurende die 5 dae.

F 1. Skryf elke getalsin in simbole:

a. Optel van 20 x 5 gee dieselfde waarde as 10 tiene .....
b. 25 vermenigvuldig met 2 gee dieselfde antwoord as 10 vermenigvuldig met 5 .....
c. Die verskil tussen 270 en 250 is dieselfde as die verskil tussen 170 en 150 .....

the bitou foundation 10
"supporting schooling for excellence"

2. Sê of die volgende WAAR of ONWAAR is:

a. 3 X 6 = 6 X 3 .....
b. 5 + 5 + 5 + 5 + 5 + 5 = 6 + 6 + 6 + 6 + 6 .....
c. 100 – 50 = 50 – 100 .....
d. (12 +7) + 6 = 12 + (7 + 6) .....
e. 7 – 5 + 10 = 7 + 10 – 5 .....
f. 12 – (3 + 5) = 12 – 3 +5 .....

3. Voltooi die getalsinne?

a. 11 X 4 = ...
b. ..... X 7 = 56
c. 21 ÷ 3 = ...
d. 8 X 3 = ...
e. 45 ÷ 5 = ...
f. ..... X4 = 36
g. 9 X 0 = ...
h. (7 X 2) + (7 X 3) = ...
i. (25 ÷ 5) X 10 = ...
j. 28 ÷ 7 = ...

4. Voltooi die getalsin en bepaal die antwoord:

Woord probleme ***Voorbeeld:Ek het 26 boeke ek koop 15 by. Hoeveel boeke het ek nou?***	**Getalsin met antwoord** ***Voorbeeld: 26 +15 = 41***
a. Mandla het 5 sokker kaartjies. Hy koop nog 9 kaartjies. Hoeveel het hy altesaam?	
b. Kobus neem 12 lekkergoed uit 'n pakkie van 16. Hoeveel lekkergoed het hy oor?	
c. Vyf honderd en sestig stoele word in 10 rye gepak. Hoeveel stoele is in elke ry?	
d. Gedurende die jaar is daar 'n 100 babas gebore. As 63 dogtertjies is, hoeveel is seuntjies?	
e. Hoeveel keer kan jy 2 lekkergoed uit 'n pakkie van 10 lekkergoed haal?	
f. 'n Vliegtuig se petroltenk vat 3600 liter petrol. Aan die einde van 'n vlug is daar 2800 liter oor. Hoeveel liter moet ingegooi word om die vliegtuig weer vol te maak?	
g. 'n Beker het 625 ml sap in. Hoeveel sap moet ingegooi word om 1000 ml te hê?	
h. 'n Bottel parfuum is 50 ml. As daar 4 van dieselde bottels in die kas is, hoeveel parfuum is daar alles saam?	
i. Marie speel kaarte en wen 5 keer. As sy elke keer 10 vuurhoudjies wen, hoeveel vuurhoudjies het sy?	

the bitou foundation 10
"supporting schooling for excellence"

G Getalsinne

Vul in die korrekte tekens: – of x of ÷

a. 4 ..... 4 = 1	k. 4 ..... 1 = 4
b. 0 ..... 4 = 0	l. 4 .....4 = 0
c. 4 ..... 4 =16	m. 17 ..... 5 =12
d. 9 ..... 5 = 45	n. 63 ..... 7 = 9
e. 20 ..... 2 = 18	o. 11 .....10 = 1
f. 11 ..... 10 = 110	p. 4 ..... 15 = 19
g. 42 .....7 = 6	q. 8 ..... 25 = 200
h. 40 ..... 2 = 20	r. 72 .....6 = 78
i. 200 ..... 2 = 100	s. 0 ..... 11 = 0
j. 200 ..... 2 = 198	t. 109 ..... 1 = 109

1. Verdubbel en halveer

a. Voltooi die tabel deur elke keer die vorige getal te verdubbel:

4	8		32	
10		40		160
7	14		56	
15		60		240
150	300	600		

b. Halveer die getalle in die tabel:

24 →	50 →	100 →	750 →
30 →	68 →	360 →	1 500 →
500 →	1 000 →	250 →	30 000 →

2. Wonder vierkante

In hierdie wonder vierkante moet die getal gegee in elke ry, vertikaal, horisontaal en diagonaal die getal gee wat gevra word.

a. Die som is 15

	7	6
9	5	
4		8

the hitou foundation 10
"supporting schooling for excellence"

b. Die som is 12

	8	1
2		6
7	0	

c. Die som is 170

	70		20
	35	30	45
	55	50	